

PREEK
TEKS: Hebr 11:11-16
TEMA: Geloof het stamina

In Sy veelkantigheid is volharding één van die belangrike eienskappe van geloof. Ons leef in 'n kitsera. Dit is kitspap en "two minute noodles", kitskoffie en wegneemetes. Alles moet vinnig gebeur want ons lewenstempo is hoog. Ons stap min, want ons verkies om te ry/vlieg. Ons sukkel om te wag en gooi maklik handdoek in as ons nie dadelik kry wat ons wil hê nie. Ons kan/wil nie sukkel nie. Ons word haastig gebore.

Die hoë tempo leefstyl is gerieflik, maar tog so nadelig vir ons emosionele en geestelike ontwikkeling. Karaktereieenskappe soos geduld en volharding word moeilik gevorm in 'n hoë spoed leefwêreld. Ons verhoudingslewe en gesinslewe ly daaronder - so ook ons geloofslewe. Ons soek dadelik antwoorde op ons vrae. Ons wil gou kerk hou. As prosesse in ons gemeente te stadig na ons sin verloop, soek ons gemeentes/kerke op waar alles reeds in plek is of ons onttrek eenvoudig net. God moet ook opskud, want as ons vandag iets vra, wil ons dit dadelik hê...op die laatste môre. Ons lees so vinnig dat ons bo-oor woorde soos "**wag** op die Here" (Ps 131:1), "**volharding**" (1 Kor. 13:7), "**aanhou**" bid **sonder om moedeloos te word** (Luk. 18:1) "**geduld**", ens. lees.

By Abraham leer ons dat geloof leer om te wag. Toe God hom op die ouderdom van 75 jaar roep en aan hom die belofte van 'n nageslag en 'n land gee, moes Hy 25 jaar wag voordat Isak gebore is. Sy nageslag het eers 400 jaar na sy dood in die beloofde land ingetrek. Was dit vir hom maklik? Nee. Ons lees in Gen. 15 dat hy sy vrou Sarai se raad gevolg het toe sy sien dat God te lank draai. Ismael word toe gebore uit die slavin Hagar. Dit is wat alle mense in daardie tyd gedoen het as hulle te lank moes wag om self kinders te kry. Abraham en Sara se ongeduld het lewenslange pynlike gevolge vir hul en hul nageslag gehad. Tog was God in sy genade geduldig met Abraham, want Hy was besig om hom as mens te vorm en voor te berei om die rolmodel (=Vader) van alle gelowiges te word. Na 25 jaar se vorming was Abraham gereed vir vaderskap. Toe hy sterf, het hy die voorreg gehad om die vroeë voorlopers van sy nageslag te groet, maar hy was toe steeds 'n vreemdeling in 'n vreemde land.

Het dit sy geloof gekelder? Nee sê die Hebreërskrywer. Hoewel hy steeds as vreemdeling in 'n vreemde land gewoon het, het hy nooit 'n mosie van wantroue in God geplaas nie. Hy het nooit terugverlang na die "beter" van die sogenaamde goeie ou dae nie (vs 15). Sy saamstap-ervaring met God sowel as die volhardende ten-spyte-van vertroue in God se trou van ander gelowiges voor hom (bv Henog, Noag, ons) het 'n vlam van hoop in die onsigbare onseker toekoms laat inskyn. In sy geestesoog (=geloofsoog) het hy 'n visie ontvang van 'n stad met fundamente waarvan God self die argitek/bouer is. Dié metafoor dui op dit wat vasstaan en permanent is. Dit dui die einde van vreemdelingskap/bywonerskap aan wat iewers in die toekoms op hom gewag het. Die visie het hom nie verlei om vir eendag te lewe nie, intendeel dit het hom gedra en in staat gestel om tevrede te wees met sy huidige status/posisie; nl. dié van 'n vreemdeling. Die God wat hom geroep het, was by hom, het hom beskerm, in sy behoeftes voorsien en was besig om hom as geloofsrolmodel toe te rus. Hy het met ander woorde minder op die vervulling van die belofte self as op dié Een wat die belofte gemaak het, gefokus. Al het hy in die proses foute begaan, was hy oop om daaruit te leer. Hy het veral geleer dat God geduldig is.

Hy het dus nooit die kaart en transport van die beloofde land in sy hand vasgehou nie. Hy het egter ontdek dat God self die tyd bepaal wanneer Hy sy beloftes uitvoer. Wanneer jy alles so in God se hande oorlaat, kry jy 'n diep vrede wat alle verstand te bowe gaan. Jy kry 'n perspektief op 'n veel groter prentjie as die van jou eie behoeftes/begeertes wat bevredig moet word. Jy ontdek dat God se diepste begeerte is dat jy op Hom as Gewer sal fokus. Hy wil nie hê ons moet ons blind staar teen die stophorlosie wat ons in ons hand vashou nie.

In Luk. 18:1-11 vra Jesus die vraag: Sal God wanneer Hy kom om die wêreld te oordeel nog geloof op aarde vind (Luk. 18:11). Binne die konteks is dit duidelik dat die weduwe hier die rolmodel van volhardende geloof is wat Jesus aan sy dissipels voorhou. Sy demonstreer geloof wat aanhou/volhard. Geloof wat weier om moedeloos te word. So 'n geloof word slegs gevorm wanneer ons soos

Abraham leer om naby God te leef/met God te wandel (Gen 24:40) en in die proses só op Hom te vertrou dat ons sy tydlyne volg. So vind ons weer die geloof van 'n kind.

In sy brief aan die gemeente van Korinte verduidelik Paulus dat God ,wanneer Hy sy beeld in ons deur die Gees herskep, sy agape-liefde in ons ontsteek. Die heel eerste vrug van sy herskeppende liefdeswerk is **geduld**. Hier dink Paulus terug aan wat God van Homself openbaar nadat die volk voor 'n afgod , wat so het hulle gesê, hul uit slawerny bevry het(Eks 32:8). In sy heiligheid ontvlam God se toorn(Eks 34:8vv). Moses pleit by God om die volk genadig te wees. Dan ontdek ons God se hart as Hy sê: " **Ek die Here, is die barmhartige, genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou....**". Geloof is God se werk deur die Gees in ons(2 Kor. 4:13). So-ook die vrugwerking van die Gees waarvan lankmoedigheid/geduld volgens 1 Kor. 13 die heel eerste een is. Die vraag is : word ek/jy deur ons natuur of deur die Gees beheer?(Gal 5:16vv). Geloof as werk van die Gees staan nooit los van die vrug wat dieselfde Gees in ons bewerk nie. Op ons geloofsreis groei geloof al dieper tot kennis/vertroue en word God se karakter van lankmoedigheid al meer sigbaar. Die vormingswerk van God vind dikwels onder moeilike omstandighede plaas, want God wat ons ken, weet watter metodes Hy in ons vorming moet aanwend(Jak 1:3vv).

Vrae om oor na te dink:

1. Het jy die geloof van 'n naelloper of dié van 'n maratonatleet?
2. Wat is daar wat jou tans frustreer omdat dinge (wat ook al) te stadig gebeur?
3. Hoe reageer jy as dinge nie vlot verloop nie?
4. Wat leer jy uit die Abrahamverhaal?
5. Wat sê Jak 1:3-4 en Rom 5 : 3-4?
6. Wat moet jy prakties doen om God toe te laat om jou geloofsstamina te gee?